

SARS ONTBLOOT NIENAKOMING DEUR DATAGEDREWE RISIKO-OPSPORING

Tshwane, 9 Desember 2021 - Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) werk hard aan sy strategiese oogmerke, deur die gebruik van data te uit te brei om die integriteit van uitslae te verbeter en sy vermoë om nienakoming na te spoor op te skerp. SARS is bemoedig deur vroeë sukses met die laasgenoemde.

Deur die gebruik van verskeie plaaslike en internasionale bronne as insette tot masjien-aangeleerde modelle, risiko-profilering en saakseleksie, is 'n aantal neigings reeds opgespoor met positiewe uitkomste in 'n aantal gevalle, sommige wat reeds voorheen gerapporteer was.

Voorbeeld van plaaslike derdepartybronne sluit in banke, uittreeefondse, mediese fondsskemas, die eiendomaktekantoor, die maatskappye register, die nasionale register van motorvoertuie, Nasionale Tesourie se sentrale diensverskafferdatabase, asook die nasionale bevolkingsregister. Interanasionale databronne sluit in die automatiese uitruil van inligting oor Suid-Afrikaners met buitelandse finansiële bates, van nagenoeg 100 buitelandse regsgebiede, asook veelvuldige wedersydse administratiewe ooreenkomste met suster-organisasies.

Vordering ten opsigte van hierdie strategiese werk, sluit in:

- Na die sukses van invordering van meer as R172 miljard in inkomste uit nakomingspogings gedurende die vorige finansiële jaar, het SARS in die huidige jaar reeds R115 miljard ingevorder uit nakomingsbedrywighede. Van hierdie bedrag, behels 33% resultate uit die automatiese risiko-profilering van belastingpligtiges deur die gebruik van data en gemasjineerde kennis.
- Van die vorige gerapporteerde 26 000 individue met ekonomiese bedrywighede en/of bates van meer as R1 miljoen, is nagenoeg 1 000 geïdentifiseer as betrokke by geldwassery en ander ernstige misdade.
- Van die aanvanklike 275 individue met bates in die buitenland, wat geïdentifiseer is deur die automatiese uitruil van inligting (AEOI) program, is die eerste 50 individue uitgewys vir verdere ondersoek ten opsigte van bates

in belastingtoevlugsoorde, met meer wat sal volg. Ons is in samewerking met die binnelandse inkomstediens (IRS) in die VSA, en maak gebruik van die Wet op Belastingnakoming vir Buitelandse Rekeninge (FATCA), wat gehelp het om 'n aantal Suid-Afrikaners te verbind met die Pandora-blootleggings, en beleggings in 'n aantal state.

- Met die regering se aankoop van persoonlike beskermende toerusting (PPE), het ons analyse van die sentrale diensverskafferdatabase (CSD) 'n groot aantal ondernemers uitgelig, wat dienste aan die regering verskaf, maar nie belastingnakomend is nie. Meer spesifiek, het ons nagenoeg 1 900 entiteite geïdentifiseer wat elk meer as R1 miljoen verdien het (van Maart 2020 tot Mei 2021), uit kontrakte met die regering, 'n totaal van R6.3 miljard, wat tog nie as BTW-ondernemers geregistreer is nie. 'n Verdere 2 380 BTW-geregistreerde ondernemers het nul-opgawes ingedien ten spyte daarvan dat hulle gesamentlik meer as R9 miljard uit regeringskontrakte verdien het. Die werk om hierdie belastingpligtiges se sake te regulariseer is goed onderweg. 'n Aanvanklike R220 miljoen bykomende aanslae is uitgereik; nagenoeg R75 miljoen se bedrieglike terugbetalings voorkom; en skuldinvorderingpogings onderweg. In elke geval oorweeg SARS ook of kriminele vervolging van toepassing is.
- Deur die gebruik van fluitjieblaserverslae, asook derdepartydatabronne, het SARS onlangs, na breedvoerige ondersoekwerk, meer as 90 werknemers ontplooи om een van die grootste soek-en-beslagleggings-operasies uit te voer. Hierdie operasie het 11 entiteite geïdentifiseer by vier verskillende persele, en 27 belastingpligtiges vir potensiële bedrieglike blootleggings ten opsigte van 'n aantal jare. Alle bates is onder bewaring geplaas terwyl die ondersoek voortgaan.
- Die uitslae van ons kriminele ondersoekpogings, het meer as 70 skuldigbevindings opgelewer die afgelope jaar alleen.

SARS kommissaris Edward Kieswetter erken dat "ons steeds 'n lang pad voor ons het, maar ons is bemoedig deur ons strategiese benadering wat vroeë impak toon". Hy het verder gesê dat "SARS die uitgangspunt neem dat meeste belastingpligtiges eerlik is en hul wetlike verpligtinge wil nakom. Vir hierdie belastingpligtiges sal ons hard werk

om hul te help deur helderheid te verskaf en die las van nakoming te verlig. Diegene wat egter voortdurend die belastingstelsel bedrieg, moet weet dat hulle dit doen teen hul eie gevaar, terwyl ons vorder in die herbou en modernisering van die organisasie. Met die waarneming van Teenkorruptsiedag, bly SARS toegewyd tot die opbou van sy vermoëns om die wet toe te pas en om diegene wat willens en wetens die wet oortree, te vervolg."

Ons raai diegene aan wat nie belastingnakomend is nie, om met SARS in verbinding te tree deur die vrywillige blootleggingsprogram (VBP) om te bepaal of hul blootlegging kwalifiseer vir die verligting wat deur die VBP gebied word. Indien die blootlegging nie vir die verligting kwalifiseer nie, word die belastingpligtige sterk aangeraai om hul belastingsake te regulariseer deur die verskeie meganismes wat tans beskikbaar is. Die VBP het al meer as 1 000 aansoeke geprosesseer wat geleei het tot R2.5 miljard in inkomste vir die huidige jaar.

"Ons visie om 'n slim, moderne SARS te bou, met onbetwisbare integriteit, begin vrugte werp," het kommissaris Kieswetter gesê.

Vir meer inligting, kontak ons by SARSMedia@sars.gov.za.